# TUISGEMAAKTE



GEHEKELDE ENGELTJIES

## KERSVADERMAT

(Foto regs bo)

**BENODIGDHEDE:** *Matgaring (verkrygbaar in handwerkwinkels), 1 string rooi (A), ongeveer 7 stringe wit (B), 1 string koraal- of ligappelkooskleur (C), 7 stringe swart (D); 1 vierkantige stuk matgaas of goiing van 1 meter; 1 kniphaak van regte dikte vir gaas of goiing; 1 groot borduurraam; potlood en ruitjiespapier om patroon te vergroot; naald en garing; plastiekgom; kwas.*

**MATE:** *Ongeveer 82 cm deursnee.*

**AANWYSINGS:** Vergroot Kersvaderontwerp op ruitjiespapier waarvan elke blokkie 10 x 10 cm is.

Merk 'n sirkel met deursnee van 82 cm met rygsteke op matgaas af en plaas ontwerp presies in middel daarvan.

Span matgaas in borduurraam en merk waar verskillende kleure moet kom.

Knip nou van die garing soos benodig in stukke van 5 cm en knoop die stukke met behulp van kniphaak deur matgaas vas. Knip die stukke vir baard, snor en wenkbroue effens langer as die res om uit te staan en diepte aan die werk te gee. Draai, wanneer knoopwerk voltooi is, die mat om en smeer rugkant goed met plastiekgom om knope te verstewig. Laat goed droog word.

Knip intussen nog wit garing, maar dié keer in stukke van 50 cm om fraiings te vorm.

Sodra gom goed droog is, word 50-cm-stukke garing met kniphaak ongeveer 1 cm vanaf rand deur gaas of goiing gesteek, dubbel gevou en geknoop.

Soom werk nou 1 cm breed om en werk soom met naald en garing in posisie vas.

## SNEEUVLOKKE

(Foto heel regs)

**BENODIGDHEDE:** *Coats Chain-Mercer Nr. 10 (20-g-bolle) die hoeveelheid hang af van aantal sneeuvlokke wat gehekel gaan word; hekelpen van 1,00 mm.*

**MATE:** *Ongeveer 8,5 cm in deursnee.*

**AFKORTINGS:** *ks - kettingsteek; st(e) - steek(steke); kb - kortbeen; lb - langbeen; gs - glipsteek; dsl - dubbelslagsteek; vlg - volgende; herh - herhaal; sp(s) - spasie-(spasies); hlb - halflangbeen; slgs - sluitglipsteek (= glipsteek in 1e steek van 'n rondte om rondte mee af te sluit).*

**Let Wel:** 3ks vervang 1e lb van 'n rondte: 4ks vervang 1e dsl.

### EERSTE SNEEUVLOK

**Beginrondte:** Draai garing 14 keer om vinger om 'n ringetjie te vorm. Trek ring van vinger af.

**1e rondte:** 24kb in ring; slgs.

**2e rondte:** 2dsl in elke kb rondom — 48dsl.

**3e rondte:** 1kb in slgs; *11ks, (1gs in 1e kb, 11ks) 2 keer (dus 3 groot lusse gevorm), gs in kb, 7ks, slaan 7dsl oor, 1kb in vlg dsl.

**4e rondte:** gs oor eerste 4ks van vlg 11ks-sp, 3kb in 11ks-sp, *(6lb, 3ks, 6lb) in tweede 11ks-sp, 3kb in derde 11ks-sp, 2ks, 3kb in 7ks-sp tussen groot lusse; herh rondom. Knip garing af en heg af.

### TWEEDE SNEEUVLOK

**Begin:** 2ks.

**1e rondte:** 6kb in 2e ks, slgs.

**2e rondte:** 2kb in elke kb — 12kb.

**3e rondte:** 2lb in elke kb — 24kb.

**4e rondte:** 1kb in 1e lb, *11ks, gs in 8e van 11ks, 3ks, slaan 3ks oor, 1kb in vlg lb; herh rondom.

**5e rondte:** gs oor eerste 4 ste; *(1kb, 1hlb, 11lb, 1hlb, 1ks) in 7ks-sp, 7ks; herh rondom.

**6e rondte:** gs oor vlg 4 ste, *1kb in vlg lb, 5ks, slaan 3lb oor, 1kb in vlg lb, 2ks, (1lb, 5ks, 1lb), 2ks; slaan vlg 3lb oor; herh rondom.

**7e rondte:** (1kb, 1hlb, 3lb, 5ks, 3lb, 1hlb, 1kb) in 5ks-sp aan bopunt, 3ks; (1kb, 3ks, 1kb) in vlg 5ks-sp, 3ks; herh rondom.

Knip garing af en werk netjies af. Hekel kettings om oor venster te span om sneeuvlokkies in te ryg.

# KERSVERSIERINGS



KERSVADERMAT



SNEEUVLOKKE

## GEHEKELDE ENGELTJIE

(Foto langsaan)

**BENODIGDHEDE:** *Ongeveer 1 bol DMC Cebelia Nr. 30 (50-g-bolle); hekelpen van 0,90 mm; stewige goudpapier vir stralekrans; klein glaskraletjies vir versiering.*

**MATE:** *Die voltooide engeltjie, met stralekrans, is ongeveer 10 cm lank; die kop is ongeveer 1,5 cm in deursnee.*

**AFKORTINGS:** *ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; hlb - halflangbeen; dsl - dubbelslagsteek; st(e) - steek(steke); p(s) - picot(picots); beg - begin; sk - skulp (vyf langbene in dieselfde steek); grh - garing rondom hekelpen; herh - herhaal; vlg - volgende; vermeer - vermeerdering; vermin - vermindering.*

**ROKKIE:** Begin met 12ks, (lossies gehekel) draai.

**1e ry:** 3lb in 4e ks vanaf hekelpen, 3lb in elke ks tot laaste st, 1lb in laaste st, 3ks, draai.

**2e ry:** Slaan eerste 2lb oor, 1lb in vlg lb, 1lb in laaste oorgeslaande lb, (gekruiste lb gehekel), * slaan vlg lb oor, 1lb in vlg lb, 1lb in laaste oorgeslaande lb; herh van * en eindig met 1lb in vlg ks, 3 draai-ks.

**3e ry:** Slaan 1e lb oor, * 1lb in elk van vlg 4lb, 2lb in vlg lb (= vermeer) herh van * nog 3 keer, 1lb in elk van vlg 5 ste, 3 draai-ks.

**4e ry:** Soos 2e ry.

**5e ry:** Slaan 1e lb oor, * 1lb in elk van vlg 5lb, 2lb in vlg lb; herh van * nog 3 keer, 1lb in elk van vlg 5ste, 3 draai-ks.

**6e ry:** Soos 2e ry. Herh laaste 2 rye nog 5 keer, hekel telkens 1 bykomende lb voor elke vermeer.

**17e ry:** Slaan 1e lb oor, 1lb in elk van vlg 5lb, * 2lb in vlg lb, 1lb in elk van vlg 11lb; herh van * nog 2 keer, 1lb in elke st, 1ks, draai.

**18e ry:** 1kb in 1e lb, * slaan 1lb oor, 1sk in vlg lb; slaan 1lb oor, 1kb in vlg st; herh van * en eindig met 3 draai-ks.

**19e ry:** 3lb in 1e kb, 1kb in middel van vlg sk, (1sk in vlg kb, 1kb in vlg sk) 13 keer, 7lb in vlg kb — 'n hoek-sk — 1kb in basis van vlg lb-ry-einde, (1sk in vlg lb, 1kb in basis van dieselfde lb) 8 keer, gs in elk van vlg 8 beg-ks, 1kb in vlg ks, verbind voorpantrande, * 2lb in basis van vlg lb, trek pen uit lus, steek pen in middelste lb van naasliggende sk en trek gevalde lus deur — verbinding-st — 3lb in dieselfde plek as laaste lb, 1kb in punt van dieselfde lb-ry-einde; herh van * nog 7 keer, 2lb in dieselfde plek as 1e lb, slaan vlg 2lb van naasliggende hoek-sk oor, 'n verbinding-st in vlg lb, 1lb in dieselfde plek as vorige lb, 1gs in 3e van 3ks; knip garing af.

**MOU (2):** Begin met 8ks, hekel soos rokkie vir 2 rye.

**3e ry:** Slaan 1e lb oor, 1lb in vlg lb, * 2lb in vlg lb, 1lb in elk van vlg 2 ste; herh van * nog 3 keer, 3ks, draai.

**4e ry:** Soos 2e ry van rokkie.

Herh laaste 2 rye nog 2 keer, vermeer telkens 1lb voor elke vermeer.

**9e ry:** Slaan 1e lb oor, * 1lb in elk van vlg 5lb, 2lb in vlg lb; herh van * nog 2 keer, 1lb in elke st, 1ks, draai.

**10e ry:** Soos 18e ry van rokkie, maar sonder draai-ks.

Knip garing af, maar laat 'n stuk om 8 ry-eindes aanmekaar te werk om moutjie te vorm. Plaas in posisie teen skouerrand en werk vas.

**VLERKE (2):** Begin met 7ks.

**1e ry:** 1lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in elk van vlg 2ks, (3lb in 1dsl) in vlg lb, 1ks, draai.

**2e ry:** 2kb in 1e dsl, 1kb in elke lb, 1kb in vlg ks, 6ks, draai.

**3e ry:** 1lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in elk van vlg 2ks, 1lb in elke kb tot laaste st, 2lb en 1dsl in laaste st, 1ks, draai.

Herh laaste 2 rye nog 4 keer, daarna 2e ry een keer.

**13e ry:** Soos 3e ry tot laaste 3kb, 1lb in elk van vlg 3 ste, maar hou laaste lus van elkeen op hekelpen, grh en trek deur alle lusse. Knip garing af.

**STRALEKRANS:** Trek 'n sirkel met deursnee van ongeveer 4 cm op goudpapier en knip uit. Trek ook 'n sirkel van dieselfde grootte op stewige wit papier om goudpapiersirkel te verstewig en plaas hulle presies op mekaar. Steek gaatjies deur albei papiertjies — ongeveer 5 mm uitmekaar, al om rand.

Hekel 1 rondte (1kb in gaatjie, 2ks) rond-

NA BLADSY 139

# TUISGEMAAKTE KERSVERSIERINGS

VAN BLADSY 63
om; dan 1 rondte van 1kb in elke st.
**Laaste rondte:** (1p, 2kb) rondom, maar laat ongeveer 1,25 cm ongewerk.

Hekel 11ks, draai, 1kb in elke ks, draai, 1kb, 1hlb, 2lb, 2kb, 2lb, 2hlb, 1kb en knip garing af, maar laat 'n lang stuk om mee af te werk.

**KOP:** Gebruik 'n houtkraletjie, ongeveer 1,6 cm groot, of gebruik breigaring van 'n geskikte kleur en rol dit op om 'n stewige bolletjie van dieselfde grootte te vorm. Laat weer 'n langerige stuk garing, ryg dit in 'n stopnaald en steek dit kruis en dwars deur die bolletjie om dit baie stewig vas te werk.


Ryg fyn silwer- of goue kraletjies in 'n draad en werk hulle, 'n paar op 'n slag, aan garingbolletjie vas (houtkraletjie: lym dit vas).

Met wit, hekel 'n dun strokie — ongeveer 10ks, dan 1kb in elke ks, knip garing af — maar laat 'n stukkie om die strokie mee aan kop vas te werk.

Werk strokie eers vas, en werk kop dan by die hals aan rokkie vas. Werk moue in mousgate vas.

Plaas stralekrans nou aan agterkant van kop in posisie, slaan loshangende kraag om en werk dit vas.


Indien verlang kan 'n kraletjie aan elke picot van stralekrans, mouboordjies en onder om rokkie vasgewerk word. ●





LINKS: Kerspasteitjies

## DIAGRAM VIR KERSVADERMAT




**KLEURSLEUTEL**
A = ROOI
B = WIT
C = APPELKOOS
D = SWART (AGTERGROND EN OË)
1 BLOKKIE = 10 x 10 cm.


# ...eindelik sy gelyke teëgekom.

Tot nou toe kon 'n koekmengsel in alles behalwe een opsig vir 'n tuisbereide koek kers vashou. Dié uitsondering was vogtigheid. Die vogtigheid wat die tuisbereide koek sy aanloklike tekstuur en ryke smaak gee.

Nou kom nuwe Royal Flavormoist-koekmengsel egter met die vogtige tekstuur wat u nog van geen ander koekmengsel kon kry nie. Plus die vogtige, ryke smaak wat u slegs van 'n tuisbereide koek sou verwag.

Nuwe Royal Flavormoist. Die super-koekmengsel met 'n tekstuur en smaak so goed soos dié van die beste tuisbereide koek. En wat boonop minder werk en moeite gee.

**Verkrygbaar in Sjokolade, Vanielje en nou nuwe Aarbei en Suurlemoen.**

**NUWE ROYAL FLAVORMOIST. SO RYK EN VOGTIG, DIT SMAAK NES TUISGEBAK.**

